

. DIE BEPALING EN BEPLANNING VAN DIE GELYKBREKINGS-PUNT VAN ADDISIONELE
INDIENSNAMEKOSTE TEENOR OORTYDKOSTE VAN 'N KETELMAKERSWERKSWINKEL:
'N GEVALLESTUDIE

deur Uys Kilian B.Sc. Ing. (Bedryfs) U.P.

H.B.A.

PU vir CHO

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir
die graad Magister Bedryfsadministrasie aan die Potchefstroomse
Universiteit vir C.H.O.

Leier: Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager F.C.M.A.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	1
2	TEORETIESE AGTERGROND	5
3	AGTERGROND TOT GEVALLESTUDIE	14
4	OPLOSSING VAN GEVALLESTUDIE	20
5	KONKLUSIE EN BEVINDINGS	40
6	BRONNE EN LITERATUURVERWYSINGS	43
7	BYLAE	44
8	OPSOMMING IN ENGELS	68

BLADSY

1	INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	2
1 1	MOTIVERING	2
1 2	DOEL VAN SKRIPSIE	2
1 3	METODE EN OPLOSSING	2
1 4	INDELING VAN SKRIPSIE	3
1 5	BEPERKENDE FAKTORE	4

1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1 1 MOTIVERING

'n Progressiewe toename in werkslading is ondervind in maatskappy X se ketelmakerswerkswinkel vir die afgelope vier maande. Met die bestaande ketelmaker kompliment word probleme voorsien om die bestaande werksagterstand in te haal, asook om die werkslading te handhaaf.

1 2 DOEL VAN SKRIPSIE

Die doel is om:

- 1 2 1 Die gelykbreekingspunt te bepaal waar dit meer ekonomies is om 'n addisionele ketelmaker aan te stel as om oortyd te werk.
- 1 2 2 Die ideale werkagterstandsvlakke te bepaal aan die begin en einde van enige week vir die ketelmakerswerkswinkel.
- 1 2 3 Die optimum hoeveelheid ketelmakers te bepaal vir die ketelmakerswerkswinkel.
- 1 2 4 'n Weeklikse produksiebeplanningsstelsel vir die ketelmakerswerkswinkel daar te stel.

1 3 METODE VAN OPLOSSING

- 1 3 1 Die gelykbreekingspunt tussen die aanstelling van 'n addisionele ketelmaker en die koste verbonde aan oortyd is as volg bepaal:
 - a Basiese salarisse vir blanke ketelmakers en hul swart assistente is uit maandelikse kosteverslae bepaal.
 - b Totale byvoordele is bepaal.
 - c Oortyd koste vir ketelmakers en hul swart assistente is bepaal.
 - d Oortyd koste en vaste koste (salaris en byvoordele) per ketelmaker is grafies vergelyk om 'n gelykbreekingspunt te

1 3 2 Die ideale werkagterstandsvlakke is as volg bepaal:

- a 'n Ideale werksagterstand vir die ketelmakerswerkswinkel is bepaal.
- b Die gemiddelde hoeveelheid werk (uitgedruk in ure) wat weekliks gegenereer word, is bepaal.
- c Met behulp van die gemiddelde hoeveelheid werk wat ontvang word per week en die ideale werksagterstand is werksvlakke vir die begin en die einde van elke week bepaal.

1 3 3 Die optimum aantal ketelmakers vir die werkswinkel is as volg bereken:

- a Gemiddelde aantal aktiewe ketelmakers per maand is bereken. (Oorblywendes op verlof, siek of militêre diens).
- b Gemiddelde begrote oortyd per week is bereken.
- c Die optimum aantal aktiewe ketelmakers was die gemiddelde werkslading per week minus oortyd, gedeel deur die aantal normale ure wat gewerk word per ketelmaker.

1 3 4 Die produksiebeplanningsstelsel is gebaseer op die beginsels van voorraadbeheersvlakke.

1 4 INDELING VAN SKRIPSIE

Teoretiese agtergrond wat betrekking het op direkte arbeid en oortyd koste word eerstens bespreek. Hier word verwys na die volgende begrippe:

- Basiese salaris
- Oortyd
- Oortydpremies
- Byvoordele en
- Indiensnamekoste

Hierna volg voorraadbeheer met spesiale aandag aan maksimum en minimum voorraadvlakke.

Derdens volg die sketsing van die situasie in die ketelmakerswerks-
winkel vanwaar data verkry is vir die oplossing van die studie. Die
bepaling van die optimum mannekragbehoefte in die ketelmakerswerks-
winkel word met behulp van die bespreekte teorie bepaal en grafies
geïllustreer.

Tabelle en grafieke word in die vorm van bylaes ingesluit.

Ten slotte volg 'n verkorte opsomming in Engels.

1 5 BEPERKENDE FAKTORE

Daar was aanvaar dat tydens die ondersoek van die gevallestudie:

1 5 1 Die werklike werksvloei vir die eerste vier maande van 1980 die
werksvloei verteenwoordig vir die res van die jaar.

1 5 2 Die werksvloei vir die eerste vier maande van 1980 'n toevalsge-
beurtenis is en nie seisoensgebonde is nie.

1 5 3 Uit 'n kompliment van 48 ketelmakers 'n gemiddeld van ± 38 ak-
tief werksaam is per maand. (Gemiddeld geneem vir die laaste 8
maande vanaf September 1979 tot April 1980).

1 5 4 Salarisverhogings vir swart arbeiders is nie in berekening ge-
bring nie, omdat die verhogings tydens die studie nog onbekend
was.

L.W. Indien bronne nie aangetoon is nie, is dit eie werk.

	BLADSY
2 TEORETIESE AGTERGROND	6
2 1 DOEL MET TEORETIESE AGTERGROND	6
2 2 ARBEID	6
2 2 1 INLEIDING	6
2 2 2 BASIESE VERGOEDING	7
2 2 3 OORTYDVERGOEDING	8
2 2 4 BYVOORDELE EN INDIENSNAMEKOSTE	9
2 3 ALTERNATIEWE TOEPASSINGS VAN VOORRAADBEHEER	10
2 3 1 BASIESE BEGINSELS VAN VOORRAADBEHEER	10
2 3 2 ALTERNATIEWE TOEPASSINGS	12
2 4 'N LINEÊRE PROGRAMERINGSMODEL VIR DIE BEPALING VAN DIE OPTIMUM OPLOSSING TUSSEN ADDISIONELE INDIENSNAME- EN OORTYDKOSTE	13

2 TEORETIESE AGTERGROND

2 1 DOEL MET TEORETIESE AGTERGROND

In hierdie hoofstuk word arbeid eerstens bespreek in die lig van basiese salarisse, oortyd, oortydpremie, byvoordele en indiensnamekoste.

Veral klem word gelê op die verskil tussen vaste indiensname- en oortydkoste met die oog op die gevallestudie wat volg. Hierdie koste word in die gevallestudie met mekaar vergelyk om te sien of dit meer ekonomies is om oortyd te werk as om addisionele personeel aan te stel.

Tweedens volg 'n bespreking van voorraadbeheer met veral verwysing na voorraadvlakke. Die beginsel word toegepas om werksagterstandsvlakke (maksimum en minimum) daar te stel vir die ontwikkeling van 'n produksie beplanningsstelsel vir die gevallestudie.

2 2 ARBEID

2 2 1 Inleiding

Arbeidskoste is in die meeste gevalle die grootste enkele uitgawe van menige ondernemings. Al is dit nie die geval nie, behels arbeid nog versigtige en strategiese beplanning indien dit suksesvol beheer en optimale wins gemaak wil word. Beplanning en die beheer van arbeid behels oor die algemeen die volgende: Mannekragbehoefte

Werwing

Opleiding

Taakevaluering en spesifikasies

Prestasieevaluering

Vakbondonderhandeling

Salarisadministrasie (Welsh 1976 p 240).

Arbeidskoste in die breë sin behels die besoldiging vanaf die uitvoerende bestuur tot die laagste betaalde werker in 'n onderneming.

Arbeidskoste kan oor die algemeen verdeel word in direkte- en indirekte arbeidskoste. Direkte arbeid bestaan uit salarisse wat aan werknemers betaal word wat direk gemoeid is met 'n produksieproses (Welsh 1976 p 240).

Indirekte arbeid is alle ander arbeidskoste, byvoorbeeld toesighouding, instandhouding, personeeldienste en magasynfunksies.

Oortydpremie en bonusse is daardie koste bo en behalwe die algemene salaris, of tarief per uur, wat deur die onderneming aan werknemers betaal word.

2 2 2 Basiese vergoeding

Die basiese vergoeding is die vergoeding wat 'n werknemer ontvang vir die diens wat hy lewer tydens die werk van normale vasgestelde ure soos voorgeskryf deur die Wet (Anthony 1972 p 129).

Die basiese vergoeding van 'n werknemer is van groot belang vir sowel die werkgewer, in terme van wins, en die werknemer in terme van lewensstandaard.

Die arbeider moet streng gesproke ooreenkomstig die prestasie wat hy lewer, beloon word. Dit is egter 'n probleem wat van 'n hele aantal faktore afhanklik is, naamlik:

- Paswaardering
- Verantwoordelikhedsgraad
- Vakbekwaamheid
- Intelligensie
- Ouderdom
- Ondervinding
- Gesinseienskappe
- Geografiese vesting van die onderneming
- Gemiddelde besoldiging
- Gemiddelde bonus, indien enige
- Pensioenvoordele
- Sosiale uitgawes, bv. medies, sportvoorsiening
- Behuisingsvoorsiening en -toelae

In ondernemings waar slegs enkele van 'n produk vervaardig word ("Job Shop") kan arbeidstandaarde moeilik bepaal word. Hier word gewoonlik gebruik gemaak van 'n basiese salaris of uurloonstelsel.

Volgens hierdie stelsel staan die loonkoste vas, ongeag die produksieresultaat van die werker. Hier word dit aangeneem dat die werker normale produktiwiteit handhaaf of oorskry.

Die menslike element bemoeilik die daarstelling van prestasie of arbeidstandaarde. Take word amper nooit in dieselfde tyd voltooi nie. Toesighouding speel hier 'n belangrike rol om die gewenste produktiwiteitspeil te handhaaf.

Die nadeel van die stelsel is dat die persoon wat sy bes doen, dieselfde besoldiging kry as die persoon wat lyf wegsteek.

2 2 3 Oortydvergoeding

Dit is soms nodig dat werknemers vrywillig langer werk as die vasgestelde werkstyd. Hierdie "oortyd" is gewoonlik verbonde aan 'n addisionele vergoeding bo en behalwe die normale loonkoers. (Sorgdrager & Tromp 1977 p 124).

Dit word gewoonlik aangetoon as tyd en een derde, tyd en 'n half, dubbeltyd of 'n persentasie van die basiese loon vir elke vasgestelde hoeveelheid ure wat oortyd gewerk is. (Sorgdrager & Tromp 1977 p 124).

Die oortydpremie kan toegedeel word aan die spesifieke taak, of verdeel word oor die hele produksieproses. Laasgenoemde geskied deur die oortydpremie as bokoste te beskou en dit dan teen 'n bepaalde bokostekoers, byvoorbeeld direkte arbeidsure of produksie-eenhede, na al die produksieprosesse toe te deel. (Sorgdrager & Tromp 1977 p 125).

'n Belangrike aspek wat hieruit vloei, is die volgende:

Indien 'n onderneming gebruik maak van baie oortyd, sê 1 000 uur per maand, moet die werkgewer homself die vraag afvra of dit nie meer ekonomies vir die onderneming sou wees om addisionele werknemers aan te stel as om oortyd te werk nie.' Die totale koste wat die werknemer die onderneming kos per maand, moet vergelyk word met die oortydskoste indien 'n addisionele werknemer nie aangestel sou word nie. Hierdie totale koste van 'n werknemer sluit in: basiese salaris, byvoordele, behuising en ander bydraes wat die onderneming ten opsigte van die werknemer maak.

2 2 4 Byvoordele en Indiensnamekoste

Die bydrae wat deur die werkgewer ten opsigte van arbeid gemaak word, verhoog die bruto koste van 'n werknemer. Voorbeelde hiervan is: pensioen, medies, behuising, vakansiebonus en administratiewe dienste.

Dieselfde geld wanneer 'n nuwe werker in diens geneem word. Koste wat hieraan verbonde is, is byvoorbeeld addisionele administratiewe koste; produktiwiteit wat verlore gaan omdat die werker nog nie vertrouwd is met sy werk en omgewing nie; opleiding, ens (leercurve sien grafiek 1). Dit is altyd betreklik moeilik om indiensnamekoste presies te kwantifiseer en toe te deel aan produksieprosesse. Indiensnamekoste kan as direkte sowel as indirekte arbeidskoste beskou word. Weens die ingewikkelde aard van die koste en die toedelingsprobleem, word dit gewoonlik beskou as indirekte arbeidskoste.

Ten einde die uitbetaling van lone eweredig te versprei oor die medium- en langtermyn produksieopbrengs, is dit nodig om vroegtydig voorsiening te maak vir moontlike afwykings. Een van die belangrikste voorsienings in hierdie verband, is die voorsiening vir vakansiebonus. (Sorgdrager & Tromp 1977 p 144). Die probleem met vakansiegeld is dat dit geld is wat uitbetaal word aan 'n werker wat afwesig is. Die werker word indirek betaal, sonder enige produksie wat gelewer word. Hierdie voorsiening word maandeliks gemaak en gesien as bokoste. Sodoende word verhoed dat die produksieproses direk belas word met arbeidsvergoeding wat uitbetaal word aan werkers tydens onproduktiewe tydperke soos: normale vakansieverlof; militêre

Dieselfde geld vir ander bydraes wat deur 'n onderneming gemaak word, soos byvoorbeeld: pensioenbydraes, mediese koste, sportgeriewe, ens. Hierdie bydraes word maandeliks toegedeel aan die produksiesentrums.

2 3 ALTERNATIEWE TOEPASSINGS VAN VOORRAADBEHEER

2 3 1 Basiese beginsels van voorraadbeheer

In 'n produksie-onderneming word voorraad hoofsaaklik verdeel in: voltooide produkte, halfprodukte en grondstowwe.

Voorraad kan gesien word as die buffer tussen vraag en aanbod. Die hoofdoelstelling met voorraadbeheer is om 'n beleid en prosedure daar te stel, sodat genoegsame voorraad beskikbaar is teen die laagste totale voorraadkoste. Vrae wat beantwoord moet word, is (Horngren Cost Accounting 1972 p 537):

Wat moet in voorraad gehou word?

Waar moet dit geberg word?

Hoeveel moet geberg word?

Wanneer moet dit vervang word?

Die hoeveelheid voorraad wat gedra word, is gewoonlik afhanklik van die vraag na die produk. Dit is die verantwoordelikheid van die bestuur om produksie te beplan, en om die aankoop van materiaal, in enige vorm sodanig te koördineer en te beplan, dat die regte tipe materiaal beskikbaar is by die regte plek en op die regte tydstip vir gebruik.

Ten einde te voorkom dat 'n oor- of ondervoorraad in die onderneming voorkom, is dit nodig om die voorraad te beheer aan die hand van bepaalde voorraadstandaarde. Daar is hoofsaaklik vyf standaarde wat behulpsaam kan wees met die effektiewe beheer van voorraad, naamlik (Sorgdrager & Tromp 1977 p 43):

- a Die standaardbestelling
- b Die minimumvoorraadvlak
- c Die bestelpunt
- d Die maksimum voorraadvlak
- e Die gemiddelde voorraadvlak

a Die Standaardbestelling

Die standaardhoeveelheid wat bestel word, is die hoeveelheid wat die laagste aankoopkoste en voorraaddrakoste in totaal tot gevolg het. Dit staan ook bekend as die "Ekonomiese bestelhoeveelheid".

Ekonomiese bestelhoeveelheid =

$$\sqrt{\frac{2 \times \text{verbruik} \times \text{bestelkoste} / \text{eenheid}}{\text{Eenheidsprys} \times \frac{\text{Rente op kapitaal} - \text{inflasiëkoers} + *}{100}}}$$

* voorraadkoste / eenheid

b Minimumvoorraadvlak

Dit is die laags moontlike voorraad, die reserwevoorraad, wat slegs in noodgevalle gebruik word. Aankope moet sodanig geskied dat die grondstowwe die onderneming bereik net voordat die minimum voorraadvlak bereik word. Dit word as volg gedefinieer (Sorgdrager & Tromp 1977 p 48):

Minimum voorraadvlak =
minimum besteltyd X maksimum verbruik

c Bestelpunt

Die bestelpunt verteenwoordig die hoeveelheid wat benodig word om die uitputting van voorraad te voorkom, gedurende die tydperk wanneer die bestelling geplaas word tot wanneer die bestelling afgelewer word. Dit word as volg gedefinieer (Sorgdrager & Tromp 1977 p 49):

Bestelpunt =
minimum voorraadvlak + (normale verbruik X gemiddelde besteltyd)

d Maksimum voorraadvlak

Dit is die grootste moontlike voorraad wat in belang van die onderneming gedra kan word. Hierdie maksimum voorraad moet onderskei word van die totale voorraad, naamlik die minimum voorraad plus die standaardbestelling. Dit word as volg gedefinieer (Sorgdrager & Tromp 1977 p 49):

Maksimum voorraad =
bestelpunt - (minimum verbruik X minimum besteltyd) +
standaardbestelling

e Gemiddelde voorraadvlak

Hierdie syfer toon slegs die voorraad aan wat onder gemiddelde normale omstandighede in die onderneming aanwesig is. Dit word as volg gedefinieer (Sorgdrager & Tromp 1977 p 50):

Gemiddelde voorraadvlak =
bestelpunt - (normale verbruik X gemiddelde besteltyd) +
(standaardbestelling ÷ 2)

Let Wel: Hierdie verskillende voorraadvlakke word geïllustreer in grafiek 2.

2 3 2 Alternatiewe toepassings

Produksieskedules en beplanningsisteme bevat baie van dieselfde prinsipe as voorraadbeheersisteme. Hoofsaaklik is die verskil tussen die twee dat die produksieproses afhanklik is van bestellings, dat daar na maksimum produksie gestreef word en dat verskeidenheid produksiekoste teenwoordig is.

In voorraadbeheer is die bestelkoste slegs die transaksiekoste, terwyl koste soos opstelling, oorskakeling, ensovoorts, in gedagte gehou moet word tydens die produksieproses. Die beginsel van voorraadbeheer word veral toegepas by die toekomstige belading van die produksiefasiliteite, om daardeur die mees ekonomiese bedryfsvlak te handhaaf. 'n Voorbeeld hiervan is die bepaling van die maksimum- en minimum werksagterstalligheidsvlakke, en die beplanning van die werksure vir die daaropvolgende week. (Sien gevallestudie hoofstuk 4).

2 4 Liniêre programeringsmodelle vir die bepaling van die optimum oplossing tussen addisionele indiensname- en oortyd koste kan ook gebruik word. 'n Voorbeeld van so 'n model is "Cyphernetics Program, L.P.S. from Operation Research Library, Cyphernetics Corporation, Ann Arbor Michigan."

Die volgende bronne kan geraadpleeg word vir verdere inligting:

Hiller T, Fredrick S Liebermann J J 1976 (Verwys na bronnelys)

Dill W R 1969, (Verwys na bronnelys).

	BLADSY
3 AGTERGROND TOT GEVALLESTUDIE	15
3 1 BESKRYWING	15
3 2 BESKIKBARE DATA	15
3 2 1 MAANDELIKSE KOSTEVERSLAE	15
3 2 2 MAANDVERSLAE	15
3 2 3 DATA VANAF KETELMAKERSWERKSWINKEL SUPERINTENDENT	15
3 3 OPLOSSINGSMETODE	16
3 3 1 BEPALING VAN DIE VASTE KOSTE PER KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER MAAND	16
3 3 2 KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT OORTYD PER MAAND	17
3 3 3 BEPALING VAN IDEALE WERKAGTERSTAND PER WEEK	17
3 3 4 OPTIMALE MANNEKRAGBEHOEFTE (KETELMAKERS) VIR DIE KETELMAKERSWERKSWINKEL	18
3 3 5 PRODUKSIEBEPLANNINGSISTEEM	19

3 AGTERGROND TOT DIE GEVALLESTUDIE

3 1 BESKRYWING

Die ketelmakerswerkswinkel het probleme ondervind om die werkslading wat op hulle was, te handhaaf. Beloofde aflewering is nie nagekom nie, omdat die agterstand in werk al hoe groter geword het. Die bestuur van die ketelmakerswerkswinkel het gevoel dat addisionele ketelmakers aangestel moet word om die werkagterstand in te haal, asook dan by te bly met die verwagte werkslading.

Oortyd was slegs gewerk in noodgevalle omdat dit volgens bestuur te duur was.

'n Studie is deur die bestuur versoek vir die bepaling van die volgende:

- a Optimum mannekragbehoefte
- b 'n Weeklikse produksiebeplanningsstelsel.

3 2 BESKIKBARE DATA

Die volgende data was beskikbaar:

3 2 1 Maandelikse kosteverslag van April 1980.
Verwys na bylae, verslag 1.

3 2 2 Maandverslae vanaf Januarie - April 1980.
Verwys na bylae, verslag 2.

3 2 3 Data vanaf Superintendent ketelmakerswerkswinkel.

- a Uitstaande werk aan die einde van elke week vanaf 16/01/80 tot 30/04/80. (Verwys na bylae, tabel 1).
- b Gemiddelde aantal aktiewe ketelmakers in die ketelmakerswerkswinkel die afgelope twaalf maande. (Verwys na bylae, tabel 2).

- c Verhogings van vakbondwerkers vanaf die begin van Mei 1980.
 - i 13,5% verhoging op basiese salaris.
 - ii Pensioenbydrae deur die onderneming verhoog vanaf 7,5% tot 9,5%.
 - iii Verantwoordelikheidstoelae verhoog vanaf R50 tot R57.
- d Hoeveelheid werk (ure) wat per maand na buite-ondernemings gestuur is vir die eerste vier maande van 1980:
(Verwys na bylae, tabel 3).
- e Ideale werksagterstand in ketelmakerswerkswinkel = 3 weke.

3 2 4 Behuisingsvoordele soos bevestig deur die finansiële departement is R230 en R25 vir ketelmakers en swart arbeiders respektiewelik.

3 3 OPLOSSINGSMETODE

3 3 1 Bepaling van die vaste koste per ketelmaker en sy swart assistent per maand.

Die volgende koste is bepaal:

- a Gemiddelde salaris per ketelmaker per maand. Data vanaf maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys na bylae, verslag 1). Salarisverhogings wat in werking tree die daaropvolgende maand is in berekening gebring.
- b Gemiddelde loon van swart arbeider per maand. Data vanaf maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys na bylae, verslag 1). Loonsverhogings is nie in berekening gebring nie, omdat dit nog onbekend was toe studie gedoen is.
- c Gemiddelde byvoordele per ketelmaker per maand is bepaal vanaf maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys bylae, verslag 1). Byvoordeelverhogings was in berekening gebring.
- d Gemiddelde byvoordele per swart werker per maand is bepaal vanaf maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys na bylae, verslag 1).

- e Gemiddelde teenwoordigheidsbonus van ketelmakers is bepaal vanaf die maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys na bylae, verslag 1).
- f Vanaf die finansiële departement is behuisingsvoordele, uitgedruk in geld per maand, vir ketelmakers en swart werkers respektiewelik verkry.
- g Die totale vastekoste per ketelmaker en sy swart hulp per maand is die somtotaal van 3 3 1 a tot 3 3 1 f

3 3 2 Oortyd koste van ketelmaker en swart assistent per maand

- a Ketelmaker se gewone oortydtarief per uur is bereken vanaf data wat verkry is van die tydkantoor. Gewone oortydtarief is 5% van basiese salaris vir elke 8 uur oortyd gewerk. Basiese salaris bereken soos bespreek in 3 3 1 a.
- b Ketelmaker se Sondagoortydtarief per uur is 6% van basiese salaris vir elke 8 uur oortyd gewerk.
- c Swart arbeider se oortydtarief is bepaal vanaf die maandelikse kosteverslag vir April. (Verwys na bylae, verslag 1).
- d Die gesamentlike oortydtariewe vir ketelmakers en hul swart assistente is bepaal deur 3 3 2 a en b afsonderlik by 3 3 2 c te voeg om 'n totale tarief van gewone oortyd en Sondagoortyd respektiewelik te kry.
- e 'n Koste- en 'n grafiese vergelyking is gemaak om te sien of dit meer ekonomies is om 'n man-maand oortyd (gewone- en Sondagoortyd) te werk as om 'n addisionele ketelmaker aan te stel.

3 3 3 Bepaling van ideale werksagterstand (ure) per week

- a Die beginsel van voorraadbeheer is hier toegepas om ideale maksimum en minimum werksagterstandvlakke daar te stel, vir die weeklikse werksvloei-beheer.

- b Deur gebruik te maak van die totale werk wat uitstaande is aan die begin van 'n week (verwys na bylae, tabel 1), die gemiddelde hoeveelheid werk uitgestuur na buite-ondernemings (verwys na bylae, tabel 3) en die gemiddelde hoeveelheid ure per week (gewone en oortyd) wat gewerk is vir die eerste vier maande van 1980 (verwys na bylae, verslag 2), is die gemiddelde werksinname per week bepaal (verwys na bylae, tabel 4).
- c Soos bespreek met die bestuur van die ketelmakerswerkswinkel, sal 'n werksagterstand van ± 3 weke verkies word aan die begin van enige week. Die maksimum-werksagterstandsvlak aan die begin van enige week is dus 3 X gemiddelde werksinname per week. Die minimum-werksagterstandsvlak aan die einde van enige week is 2 X gemiddelde werksinname per week.
- d 'n Aksieplan is geformuleer om die bestaande werksagterstand binne 12 weke te verminder na 'n ideale werksagterstand (3 weke), met behulp van oortyd. Gemiddelde hoeveelheid ure wat gewerk moet word per week is: Verskil tussen werklike- en ideale werksagterstand \div 12 weke plus gemiddelde werksinname per week.

3 3 4 Optimale mannekrag-behoefte (ketelmakers) vir die ketelmakerswerkswinkel

Die totale hoeveelheid oortyd, wat die ketelmakerswerkswinkel bereid was om per week te werk, is afgetrek van die gemiddelde werksinname per week. Die balans is gedeel deur die normale werksure per week per ketelmaker om die optimum aktiewe ketelmakerskompliment te kry. Die verhouding tussen gemiddelde aktiewe ketelmakerskompliment teenoor totale ketelmakerskompliment is gebruik om die optimale totale ketelmakerskompliment te kry.

3 3 5 Produksiebeplanningsistees

'n Weeklikse produksiebeplanningsistees is ontwikkel, wat gebaseer is op 'n 3 weke werksagterstandbeginsel. Nadat die ideale werksagterstandvlakke bereik is, word die totale agterstallige werk aan die begin van enige week deur 3 gedeel om die hoeveelheid ure wat gewerk moet word vir die volgende week te bepaal.

Die maksimum aantal ure wat gewerk kan word, is die totale aktiewe ketelmakerskompliment \times normale ure + maksimum begrote oortyd.

Die minimum ure wat gewerk kan word, is die totale aktiewe ketelmakerskompliment \times normale ure.

4	OPLOSSING VAN GEVALLESTUDIE	23
4 1	DIE MAATSKAPPY SE VASTE KOSTE PER KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER MAAND	23
4 1 1	GEMIDDELDE SALARIS PER KETELMAKER PER MAAND	23
4 1 2	GEMIDDELDE MAANDELIKSE LOON VAN SWART ARBEIDER - LOON PER MAAND	24
4 1 3	GEMIDDELDE BYVOORDELE PER KETELMAKER PER MAAND	24
4 1 4	GEMIDDELDE BYVOORDELE VAN SWART ARBEIDERS PER MAAND	25
4 1 5	KETELMAKERSTEENWOORDIGHEIDSBONUS PER MAAND	25
4 1 6	MAATSKAPPY SE BEHUISINGSVOORDELE VIR BLANKE EN SWART WERKERS PER MAAND	26
4 1 7	TOTALE VASTE KOSTE VIR DIE AANSTELLING VAN 'N KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER MAAND	26
4 2	KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT SE OORTYDKOSTE PER MAAND	27
4 2 1	GEWONE OORTYDTARIEF VAN KETELMAKER PER UUR	27
4 2 2	SONDAG-OORTYDTARIEF VAN KETELMAKER PER UUR	27
4 2 3	OORTYDTARIEF VAN SWART ARBEIDER PER UUR	27
4 2 4	GESAMENTLIKE OORTYDTARIEWE PER KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER UUR	28

4 3	BEPALING VAN GELYKBREKINGS-PUNT TUSSEN VASTE INDIENSNAME- EN OORTYDKOSTE	28
4 3 1	GEMIDDELDE GEWONE URE PER MAAND	28
4 3 2	VASTE KOSTE PER KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER MAAND	29
4 3 3	GEWONE OORTYDKOSTE PER MAAND	29
4 3 4	SONDAG-OORTYDKOSTE PER MAAND	29
4 3 5	GEWEEGDE GEMIDDELDE OORTYDKOSTE PER MAAND	29
4 4	GEMIDDELDE AKTIEWE KETELMAKER KOMPLIMENT	30
4 4 1	AKTIEWE KETELMAKERKOMPLIMENT PER MAAND	30
4 5	GEMIDDELDE WERKSINNAME PER WEEK	32
4 6	GEMIDDELDE HOEVEELHEID WERK DEUR BUIITE-ONDERNEMINGS GEDOEN PER WEEK	32
4 7	GEMIDDELDE HOEVEELHEID WERK VERRIG DEUR KETELMAKER- KOMPLIMENT PER WEEK	33
4 7 1	TOTALE AANTAL OORTYDURE	33
4 7 2	GEMIDDELDE URE GEWERK PER MAAND	33
4 8	IDEALE WERKSAGTERSTAND	34
4 9	VERMINDERING VAN WERKLIKE WERKSAGTERSTAND TOT IDEALE WERKSAGTERSTAND	35
4 10	MANNEKRAG-BEHOEFTTE (KETELMAKERS) IN DIE KETELMAKERSWERKSWINKEL	35

4 11 'N WEEKLIKSE BEPLANNINGSISTEEM VIR DIE KETELMAKERSWERKSWINKEL	36
4 11 1 WEEK NOMMER	36
4 11 2 DATUM	37
4 11 3 WERK UITSTAANDE AAN DIE BEGIN VAN 'N WEEK	37
4 11 4 WERK VOLTOOI GEDURENDE DIE WEEK	37
4 11 5 WERK UITSTAANDE AAN DIE EINDE VAN 'N WEEK	37
4 11 6 WERK GEGENEREER GEDURENDE 'N WEEK	37
4 11 7 TOTALE WERK UITSTAANDE VIR DIE DAAROPVOLGENDE WEEK	37
4 11 8 BEPLANDE WERKSURE VIR DIE DAAROPVOLGENDE WEEK	38
4 11 9 WERK UITGESTUUR NA BUIITE-ONDERNEMINGS	39

4 OPLOSSING VAN GEVALLESTUDIE

- 4 1 DIE MAATSKAPPY SE VASTEKOSTE PER KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT PER MAAND
 (Data verkry vanaf maandeliksekosteverslag van April 1980 vir ketelmakerswerkswinkel, verwys na bylae, verslag 1)

4 1 1 Gemiddelde salaris per ketelmaker per maand

Die gemiddelde maandelikse salaris per ketelmaker was bereken deur die totale salarisse wat uitbetaal is vir ketelmakers (vakbondswerkers) vir die eerste 4 maande van 1980 te deel deur die kummilatiewe aantal ketelmakers vir dieselfde periode.

Huidige totale salarisse betaal

$$\begin{aligned}
 &= \text{basiese salaris} + \text{verantwoordelikheidstoelae} \\
 &= R104\ 758 + R9\ 050 \text{ (R50/ketelmaker} \times 181 \text{ ketelmakers)} \\
 &= \underline{R113\ 808 \text{ per maand}} \text{ (Verwys na bylae, verslag 1, nr 1.)}
 \end{aligned}$$

Goedgekeurde verhogings was die volgende vir die daaropvolgende maand:

Salarisverhogings : 13,5% van basies
 Verandwoordelikheidstoelae : Vanaf R50 tot R57
 (Verwys na 3 2 3 c)

Ketelmakersterkte vir afgelope 4 maande = 181

(Verwys na bylae, verslag 1, nr 2.)

$$\begin{aligned}
 &\text{Gemiddelde salaris na verhoging per ketelmaker per maand} = \\
 &\text{Basiese salaris} \times \text{verhogings} + \text{verandwoordelikheidstoelae} \\
 &= \frac{104\ 758 \times 113,5\% + R57,00}{181} \\
 &= \underline{R713,91 \text{ per maand}}
 \end{aligned}$$

4 1 2 Gemiddelde swart arbeiderloon per maand

Die totale lone wat betaal is aan daaglikse betaalde swart werkers vir die eerste 4 maande van 1980 is gedeel deur die totale aantal daaglikse betaalde swart werkers vir dieselfde periode.

Totale lone betaal : R22 539

(Verwys na bylae, verslag 1 nr. 3)

Totale swart arbeiders kompliment : 268

(Verwys na bylae, verslag 1, nr.4)

Gemiddelde loon per swart arbeider

= R22 539

268

= R84,10 per maand

4 1 3 Gemiddelde byvoordele per ketelmaker per maand

Die totale byvoordele vir Blanke werkers (1 staf personeellid ingesluit) vir die eerste 4 maande van 1980 is gedeel deur die totale aantal Blankes wat werksaam is in die ketelmakerswerkwinkel.

Die verhoging deur die maatskappy van 2% (7,5% - 9,5%) in die pensioenbydrae van ambagsmanne is in berekening gebring.

Totale byvoordele vir eerste 4 maande = R24 347

(Behuisingsvoordeel uitgesluit in hierdie bedrag)

(Verwys na bylae, verslag nr. 5)

Totale Blanke kompliment = 185 1

(Verwys na belyae, verslag nrs. 2 en 6)

1 Beampies en ambagsmanne se byvoordele word nie apart gewys op maandelikse kosteverslae nie. 'n Gemiddeld is toe bereken. Die 185 sluit dus beampies in.

Gemiddelde byvoordele per ketelmaker per maand = Gemiddelde vorige byvoordele per ketelmaker - 7,5% pensionebydrae van vorige salaris + 9,5% pensioenbydrae van huidige salaris. (Verwys na 3 2 3 c)

$$\begin{aligned}
 &= \frac{24347}{185} - 7,5\% \left(\frac{113808}{181} \right) (\text{Verwys na 4 1 1}) + 9,5\% (713,91) (\text{Verwys na 4 1 1}) \\
 &= R131,6 - R47,16 + R67,82 \\
 &= \underline{R152,26 \text{ per maand}}
 \end{aligned}$$

4 1 4 Gemiddelde byvoordele van swart arbeiders per maand

Die totale byvoordele vir swart werkers vir die eerste 4 maande is gedeel deur die totale swart kompliment vir dieselfde periode. Geen verhogings is in berekening gebring nie, omdat dit op hierdie stadium nog onbekend was.

Totale byvoordele = R7 306 (Verwys na bylae, verslag 1 nr 7)
 Totale swart kompliment = 276 (Verwys na bylae, verslag 1 nrs 4 & 8)

$$\begin{aligned}
 &\text{Gemiddelde byvoordele per swart werker per maand} \\
 &= \frac{R7306}{276} \\
 &= \underline{R26,47 \text{ per maand}}
 \end{aligned}$$

4 1 5 Ketelmakersteenwoordighheidsbonus per maand

Indien 'n ketelmaker ten volle teenwoordig was vir 'n maand, word 'n bonus van R50 aan hom betaal. Die bonus verminder in verhouding met dae afwesig gedurende die maand.

Die totale bonus wat uitbetaal is vir die eerste vier maande, is gedeel deur die totale aantal ketelmakers vir dieselfde periode.

Totale bonusse uitbetaal = R8887
 (Verwys na bylae, verslag 1, nr. 9)
 Totale aantal ketelmakers = 181
 (Verwys na bylae, verslag 1, nr. 2)

Gemiddelde bonus per ketelmaker

= $\frac{R8887}{181}$
 = R49,10 per maand

- 4 1 6 Maatskappy se behuisingsvoordele vir blanke en swart werkers per maand

Soos vasgestel vanaf die finansiële departement is die behuisings voordele vir blanke en swart werkers R230,00 en R25,00 respektiewelik per maand.

- 4 1 7 Totale vastekoste vir die aanstelling van 'n ketelmaker en sy swart assistent per maand

Gemiddelde salaris	:	Blank	R	713,91	(Verwys na 4 1 1)
	:	Swart	R	84,10	(Verwys na 4 1 2)
Byvoordele	:	Blank	R	152,26	(Verwys na 4 1 3)
	:	Swart	R	26,47	(Verwys na 4 1 4)
Ketelmakersbonus	:		R	49,10	(Verwys na 4 1 5)
Behuisingsvoordele	:	Blank	R	230,00	(Verwys na 4 1 6)
	:	Swart	R	<u>25,00</u>	(Verwys na 4 1 6)
TOTALE VASTEKOSTE PER MAAND			R1	280,84	
					=====

4 2 MAANDELIKSE OORTYDKOSTE VAN KETELMAKER EN SY SWART ASSISTENT

4 2 1 Ketelmaker se gewone oortyd (weeke) tarief per uur

Gewone oortyd is 5% van basiese salaris vir elke 8 uur wat oortyd gewerk word.

Basiese salaris = R713,91 (verwys na 4 1 1)

Gemiddelde oortydtarief per uur

$$= \frac{R713,91 \times 5\%}{8}$$

$$= \underline{R4,46 \text{ per uur}}$$

4 2 2 Ketelmaker se Sondag-oortydtarief per uur

Sondag-oortyd is 6% van basiese salaris vir elke 8 uur Sondag-tyd wat gewerk word.

Basiese salaris = R713,91 (Verwys na 4 1 1)

Gemiddelde oortydtarief per uur

$$= \frac{R713,91 \times 6\%}{8}$$

$$= \underline{R5,35 \text{ per uur}}$$

4 2 3 Swart arbeider se oortydtarief per uur

Die totale oortyd wat betaal is vir die eerste 4 maande van 1980 is gedeel deur die totale hoeveelheid oortyd wat gewerk is vir dieselfde periode.

Totale bedrag aan oortyd uitbetaal = R1 055

(Verwys na bylae verslag 1, nr 10)

Totale aantal ure oortyd gewerk = 1516

(Verwys na bylae verslag 1, nr 11)

Gemiddelde oortydtarief per swart werker per uur

$$= \frac{1055}{1516}$$

$$\underline{R0,70 \text{ per uur}}$$

4 2 4 Gesamentlike oortydtarief per ketelmaker en sy swart assistent per uur

a Gewone oortydtarief (weeke dae): Ketelmaker R4,46
 (Verwys na 4 2 1)
 Swart assistent R0,70
 (Verwys na 4 2 3) _____
 TOTAAL (per uur) R5,16

b Sondag-oortydtarief : Ketelmaker R5,35
 (Verwys na 4 2 2)
 Swart assistent R0,70
 (Verwys na 4 2 3) _____
 TOTAAL (per uur) R6,05
 =====

c Verhouding van Sondag- en gewone oortyd vir die eerste vier maande van 1980

Sondagoortyd : Gewone oortyd
 251 (Verwys na bylae 1204 (Verwys na bylae
 verslag 1, nr.12) : verslag 1, nr. 13)

Geweegde gemiddelde oortydtarief

$$= \frac{251 \times R6,05 + 1204 \times R5,16}{251 + 1204}$$

R5,31 per uur

4 3 BEPALING VAN GELYKBREKINGS-PUNT TUSSEN VASTE-INDIENSNAMEKOSTE EN OORTYDKOSTE

4 3 1 Gemiddelde gewone ure per maand

Gemiddelde gewone ure per maand =

48 gewone ure per week X hoeveelheid weke per jaar

÷ aantal maande per jaar

$$= (48 \times 52) \frac{1}{12}$$

$$= \underline{208 \text{ ure per maand}}$$

4 3 2 Vaste^o koste per ketelmaker en sy swart assistent per maand

Koste = R1 280,84 (Verwys na 4 1 7)

4 3 3 Gewone Oortyd koste per man-maand

Gewone oortyd koste per man-maand
 = R5,16 (Verwys na 4 2 4 a) X 208 ure
 = R1 073,28 per maand

4 3 4 Sondag-oortyd koste per man-maand

Sondag-oortyd koste per man-maand
 = R6,05 (Verwys na 4 2 4 b) X 208 ure
 = R1 258,40 per maand

4 3 5 Geweegde gemiddelde oortyd per man-maand

Geweegde gemiddelde oortyd koste per man-maand
 = R5,31 (Verwys na 4 2 4 c) X 208 ure
 = R1 104,48 per maand

4 3 6 Gevolgtrekking

Die grafiese verwantskap tussen vaste-indiensname koste en oortyd koste per ketelmaker en sy swart assistent per maand word geïllustreer in die bylae, grafiek 3.

'n Kruispunt word nooit bereik nie, want na 208 ure ontvang die ketelmaker en sy swart assistent dieselfde oortydtarief soos bereken in 4 2 4. Die vasteindiensname kostegrafiek loop na 208 uur parallel met die oortyd kostegrafiek. (Verwys na grafiek 3).

4 4 GEMIDDELDE AKTIEWE KETELMAKER KOMPLIMENT PER WEEK

(Data is verkry van die ketelmakersmaandverslag vanaf Januarie tot April 1980, verwys na bylae, verslag 2)

4 4 1 Aktiewe ketelmakerkompliment per week

Gemiddelde aktiewe kompliment per week =

Totale aantal gewone ure gewerk vir die periode ÷

